HOOFSTUK 1

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN ONTSTAAN VAN DIE KLINIEKSKOOL LOOPSPRUIT

## 1. Inleiding

Die keuse van hierdie onderwerp hou verband met baie sake waarvan die belangrikste o.m. beoog om die inrigting met sy doel en taak aan die onderwysprofessie bekend te stel, en in 'n breër betekenis om die algemene publiek 'n insig in en groter waardering te gee vir wat aan die Kliniekskool Loopspruit gedoen word.

Die betrokke groep leerlinge is almal vasgevang in die greep van gedragsafwykinge. Vir hulle in die besonder is die op weg wees na wasdom 'n pynlike proses[1]. Die oorsake van hierdie afwykinge, die besondere behoeftes en die behandelingsmoontlikhede wat moet lei tot die „herstel en genesing"[2] van sulke ongelukkige leerlinge is die heerlike taak en roeping van die Kliniekskool Loopspruit.

In die Republiek van Suid-Afrika met sy mannekragtekortsituasie[3] is dit beslis onnodig om die noodsaaklikheid van elke potensiële burger en burgeres se bydrae op die een of ander gebied te beklemtoon. In hierdie lig is die mate van sukses wat die Kliniekskool met sy rehabilitasieprogram en desertifisering van leerlinge behaal 'n uiters belangrike gebeurtenis in die lewe van elke kind, sy gesin, volk en vaderland waarvan beslis met groot dankbaarheid en belangstelling kennis geneem moet word.

---

1. Mussen, P.H., Conger, J.J. and Kagan, J. Child development and personality, p. 607.
2. T.O.D. Verslag Generaal Pienaar Skoolplaas, p. 67. (Hierdie verslag is saamgestel deur 'n komitee bestaande uit die here J.P. Malan, C.E. Theron, N.J. du Preez en P.W.S. Schuman. (Verderaan sal telkens slegs na Die Verslag verwys word).
3. Banning, W. Moderne maatschappijproblemen, hoofstuk 9, p. 150-169; Ibid. Machten en mensen; Bruckberger, R.L. Amerika in beweging, p. 197-237; Catherwood, H.F.R. The christian in industrial society, p. 101-112; Van Wyk, S. Die Afrikaner in die beroepslewe van die stad, hoofstuk 7; Wessels, D.M. Die vrou in die beroepslewe, p. 106-111.

Teen hierdie agtergrond moet die Kliniekskool gesien word as die vrug van kultuurontwikkeling met 'n besondere na-oorlogse[1] behoefte aan rehabilitasie wat o.m. ook op die gebied van die skoolonderwys en opvoeding deurgewerk het.

Binne hierdie raam van aanvoeling, lewende kontak en visie het die Onderwysdepartement destyds opdrag aan die Malankomitee gegee om voorbereidingswerk[2] te doen en verslag uit te bring oor die stigting van die Kliniekskool Loopspruit, alwaar die Generaal Pienaar Skoolplaas vir hierdie doel gebruik kon word. Met die uitsondering van slegs die skoolplase op Brits, Tzaneen en Sannieshof, wat tot volwaardige landbou-hoërskole ontwikkel het, het die ander skoolplase ontvolk geraak[3]. Die redes vir lg. was hoofsaaklik dat skoolplase nie verder as standerd 8 opgelei het nie en ouers hulle kinders liefs na standerd 5 direk hoërskole toe gestuur het, want met die skoolplaasopleiding was die vakkeuses gering en die aansluitingsmoontlikhede by hoërskoolvakke uiters beperk. Ook het die inisiatief dikwels ontbreek om hierdie skoolplase uit te bou tot volwaardige landbou-hoërskole sodat hulle later verdwyn het.

Hoewel die Generaal Pienaar Skoolplaas ook in 'n mate ontvolk geraak het, het dit in 'n besondere mate (weens geografiese ligging e.a. oorweginge, wat later volledig in Hoofstuk 3 beskryf sal word) behoue gebly vir die stigting van die Kliniekskool Loopspruit.

---

1. Die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1945.

2. Voorbereidingswerk d.m.v. Vraelyste aan alle skole, verwerking van gegewens en interpretasie daarvan.

3. Die Verslag, p. 53-54; Onderhoude gevoer met mnre. H.J. de Villiers (voors. van die Potchefstroomse Skoolraadsgebied), J.R. Malan (Inspekteur van Onderwys) en M.P.A. van der Walt (Hoof van die Kliniekskool Loopspruit sedert stigting).

Wet nr. 9 van 1948, soos gewysig deur Wet nr. 15 van 1951, het reeds voorsiening gemaak vir die stigting van 'n kliniekskool in 'n kosskoolsituasie[1] waar afwykende leerlinge pedagogiese en psigoterapeutiese behandeling kan ontvang[2]. Die voormelde komitee het hierby aangesluit en in die Verslag, o.m. volledige besonderhede verstrek aangaande wat bedoel word met afwykende kinders, die magte en pligte van 'n administrateur en onderwyshoof t.a.v. tydelike verwydering van sodanige kind uit sy ouerhuis en sy verwysing na 'n inrigting vir behandeling, die reg van ouers tot appèl, die prosedure wat gevolg moet word by die stigting van 'n kliniekskool, en die doel en funksies van die skool.

Die vrug van Die Verslag was die omskepping van die Generaal Pienaar Skoolplaas in die Kliniekskool Loopspruit gedurende Februarie 1952.

2. <u>Die aard en omvang van die probleem</u>

(a) <u>Die opvoedkundige aard van die probleem</u>

Soos die titel van hierdie verhandeling aandui is die aard van die probleem wat bestudeer word opvoedkundig, want alle opvoeding, ook die klinies-sielkundige behandeling moet binne die raam van die Opvoedkunde gesien word wat in die algemeen sekere hoofmomente vertoon[3]. Elke doelbewuste opvoedingsaktiwiteit veronderstel sekere grondvrae soos die vraagstukke van die vertrekpunt en die doel; die mens in die opvoedingsituasie en die moontlikheid en noodsaaklikheid van opvoeding; die vraagstukke van vryheid en gesag, van tug in die opvoeding, van die inhoud van die opvoeding, die metode van aanbieding van die leerstof, van eksaminering, meting en evaluering om die opvoedingsresultaat vas te stel, en van die administrasie en organisasie.

Grondliggend vir die evaluering van die opvoeding aan die Kliniekskool Loopspruit is die beskouing dat die kind skepsel van God is, 'n geskapene na die beeld en gelykenis van sy Skepper in waarheid, geregtigheid en heiligheid, maar weens die sondeval 'n verduisterde beeld wat nogtans genadiglik deur die soendood van Christus redbaar is en juis hierin lê die opvoedbaar-

---

1. Terminologie deur die Adviesraad geskep: Loopspruitskool vir gedragsafwykendes. Memorandum opgestel deur die Adviesraad. 1963. p.1.
2. Ibid.; Die Verslag in hoofstuk X1: Aanbevelings.
3. Waterink, J. Theorie der opvoeding, p. 25.

heid van die mens en die noodsaaklikheid en moontlikheid van opvoeding tot die kennis van, die liefde en vrese vir en die soeke van geloof in God deur Christus. Die kind is afhanklik, hulpbehoewend, onvolwasse, onvolmaak en sy bestemming is volwassenheid, selfstandigheid, volkome toegerustheid vir elke goeie werk, heiligheid sodat hy as mens God sal vrees en dien en verheerlik[1].

Om die kind na hierdie verhewe bestemming te voer verg 'n Skrifgefundeerde opvoeding deur 'n Godvresende opvoeder. Sodanige opvoeding is, uitwendig gesien, 'n tweepolige aangeleentheid, maar inwendig gesien 'n wisselwerking tussen twee persone: 'n volwasse opvoeder en 'n onvolwasse opvoedeling. Die opvoeder bied die kind geestelike voedsel aan en lei doelbewus, opsetlik en planmatig die groei en ontwikkeling van die onvolwasse opvoedeling; maar die opvoedeling doen aktief mee deur die geestelike voedsel toe te eien, te leer, te groei en te ontwikkel[2].

Binne hierdie raam kan nou aansluiting gevind word by die opvoedingsituasie van die Kliniekskool Loopspruit. Ook hier ontmoet die volwassene (die opvoederonderwyser) die kind wat ontspoor het - die gedragsafwykende leerling - met die uitsluitlike en opsetlike doel om hom/haar terug te lei en te help op die pad wat heenwys en heenlei na gesonde volwassenheid en die goeie orde wat grotendeels deur die volwasssenes van die samelewing geskep en in stand gehou word.

Alle verdere besinning oor grondvrae en probleme in hierdie navorsing hou die nouste verband met die voorgaande maar ook met die volle omvang van die probleem van gedragsafwykendes.

(b) <u>Die omvang van die probleem</u>

Die probleem „ontsporing" by volwassenes en kinders is 'n algemene verskynsel. Dit kom voor in alle gemeenskappe en is so oud soos die mensdom

---

1. Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 292-294.

2. Ibid., p. 87.

self. Soos by alle sosiaalpatologiese verskynsels is daar veelvuldige oorsake en bestaan daar ꞌn komplekse verhouding tussen elke besondere patologiese verskynsel en ander afwykings wat die ankers van die gesinslewe aantas, bv. die vader is ꞌn alkoholis en „het behoeft nauwelijks verwondering dat het kind .... in de eerste schooljaren duidelijke sporen draagt van dit leven. De ruzies, de spanningen, waarvan het getuige is geweest, hebben niet nagelaten een destructieve werking op zijn gemoeds-, verstands- en wilsleven, kortom op de gehele persoonlijkheid uit te oefenen"[1].

Die omvang van die probleem in sekere wêrelddele word vervolgens in breë trekke geskets om die toestand en/of tendense aan te toon.

<u>In Nederland</u>

In 1955 word ꞌn verslag aanvaar oor skoolmaatskaplike werk en word buro's gestig met die doel om aan enige leerling met leer- en aanpassingsmoeilikhede op skool direkte of indirekte hulp en bystand te verleen. Hierdeur word ꞌn kind gelei om hom/haar nie net beter te kan handhaaf nie, maar daardeur word ook die moontlikhede wat in die kind self en sy/haar omgewing aanwesig is benut vir die gunstigste ontwikkeling van elke kind[2]. Hieruit blyk o.m. dat elke kind teen die agtergrond van sy/haar gesinsmilieu gesien moet word want „meestal zal een kind, dat gedrags- of leermoeilijkheden op de school vertoont, ook thuis moeilijkheden hebben"[3].

In 1958 vergader verteenwoordigers van die buro's en word ꞌn Nasionale Raad in die lewe geroep wat o.m. aandag aan maatskaplike werk vir middelbare skole moet gee. Geldelike bewilliging hiervoor (alle soorte maatskaplike werk aan skole) toon ꞌn stygende tendens, te wete van bykans 14 miljoen gulde in 1948 tot ongeveer 26 miljoen gulde in 1957[4].

---

1. Van der Linden, H.B. Van nummer tot mens. Een oriëntering over maatschappelijk werk, p. 2.
2. Nederlandsche Vereeniging voor Maatschappelijk Werk: Publicatie nr. 18. Schoolmaatschappelijk werk - het schoolmaatschappelijk werk in Nederland, p. 53.
3. Ibid.
4. Van der Linden. Van nummer tot mens, p. 85.

Dit is voorts van belang om daarop te let dat die Vrije Universiteit van Amsterdam 'n pedologiese instituut het waar kinders met gedragsafwykinge en normale I.K. behandeling ontvang sonder die kosskoolsituasie, dog nie vir 24 uur per dag soos aan die Kliniekskool Loopspruit nie[1].

In Skotland

Eksteen meld uit 'n brief[2] wat hy ontvang het dat Skotland oor drie skole beskik waar inwoning vir wanaangepaste kinders moontlik is asook oor 26 goedgekeurde skole vir kinders tussen die ouderdomme van 10 en 17 jaar wat deur die howe skuldig bevind is vir oortredings (waarvoor volwassenes normaalweg tot tronkstraf gevonnis word) en in staatsinrigtingsorg geplaas word vir veilige bewaring en korrektiewe behandeling[3]. Hierdie goedgekeurde skole het op 31 Maart 1964 'n gesamentlike inskrywing van 1,583 gehad, waarvan 1,337 seuns en 246 meisies was.

In die V.S.A.

Die omvang van die probleem word soos volg gestel: „Today, all the urban systems in the United States have the problem of developing curricula which meet the needs of the socially disadvantaged child. The traditional curricula do not seem to 'reach' this type of pupil, and today almost one half of Chicago's school population consists of the disadvantaged child"[4]. Met die oog hierop is die Chicago Parental School opgerig alwaar sowat 1,000 leerlinge jaarliks 'n kursus volg.

Reeds vanaf die jaar 1899 maak 'n wet voorsiening vir die oprigting van verdere Parental Schools in elke stad met 'n bevolking van 500,000 en meer. Sedertdien is hierdie skole ingerig as residensiële eenhede vir gewoontestokkiesdraaiers te Chicago, Boston, Buffalo, New York, Seattle, Washington, en hulle potensiële waarde word beskou as „...... a gold mine untapped"[5].

---

1. Waterink, J. Psychologie en paedagogiek in Eenheid en veelheid, p. 79.
2. Eksteen, A.J. Die persoonlikheistruktuur en die ortopedagogiese rehabilitasie van leerlinge by die Kliniekskool Loopspruit, p. 14.
3. Ibidem.
4. Ibidem.
5. Ibidem.

In die Verenigde State van Amerika word in hierdie verband ook groot waarde aan kleuterskole geheg omdat dit blyk dat kleuterskoolgang enersyds sosiale aanpassing en die ontwikkeling van gesonde roetine en lewensgewoontes stimuleer en andersyds, tegelykertyd, sosiale inhibisies en die neiging tot senuweeagtigheid verminder[1]. Dit is 'n vry algemene gebruik om psigoterapeutiese hulp aan voorskoolse kinders te gee in goed georganiseerde kleuterskole met professioneel opgeleide personeel[2]. Dit is o.m. die vrug van die ervaring dat voorskoolse kinders met baie probleme en sonder spesiale psigoterapeutiese behandeling op relatiewe wyse in hulle latere skoollewe vatbaarder is vir en geneig is tot meer en ernstiger emosionele probleme[3]. Op grond van hierdie bevinding word die plek, funksie en waarde van die kleuterskool in die voorkoming en behandeling van potensiële gedragsafwykendes reeds op 'n vroeë stadium onderstreep.

In die Republiek van Suid-Afrika

Huweliksontwrigting ruk die ankers van die gesinslewe los en lei tot kinder- en jeugverwaarlosing. Hierdie verskynsel het in ons land in omvang en ingewikkeldheid geweldig toegeneem en dui op sowel 'n innerlike ontwrigting van 'n ernstige aard as uiterlike versteuring van die gesonde orde in menslike gedragswyses en verhoudinge.

Omdat gedragsafwykinge by jeugdiges nie altyd op 'n vroeë stadium voorkom of behandel word nie, lei dit noodwendig tot kinders wat sorgbehoewend verklaar word en tot jeugoortredings waarvan die oorsake en gevolge maar te bekend is in die gevallerekords van die Kommissaris van Kindersorg.

Elke onderwyser sal kan getuig van leerlinge in sy klasse (of standerds) wat ontspoor het op die pad na volwassenheid, en dat die skolastiese prestasies van sulke leerlinge - sowel die met normale as die met bonormale intelligensie - nie naastenby volgens hulle verstandsvermoë is nie[4]. Daar ontstaan by

---

1. Hattwick, B.W. The influence of nursery school attendance upon the behavior and personality of the preschool child. Journal of experimental education, 5: 188, 1936 (aangehaal uit Mussen, Conger and Kagan. Child development and personality, p. 336).
2. Mussen, Conger and Kagan. Child development and personality, p. 337.
3. Ibid., p. 317-318.
4. Knoetze, C. Pedagogiese ontsporing en korrektiewe hulp, p. 1.

sommige van hulle spanning, frustrasie en uiteindelik ontsporing[1]. Ontsporing lei derhalwe enersyds tot swak skolastiese prestasies, maar andersyds kan swak skolastiese prestasies ontsporing in die hand werk. Individuele verskille tussen leerlinge verg gedifferensieerde leerstof en metodes en waar hierdie differensiasie nie na wense geskied nie, raak party leerlinge agter by hulle groep in die skool.

In die lig van die voorgaande is spanning as simptoom van leermoeilikhede ook wanaanpassing, aangesien dit dui op „a situation-process in which a personality or a group is continuing to fail to 'compensate', i.e. to solve its problems, in such a way as to resolve its internal and external conflict-tensions; inadequacy of adaptation or accommodation as judged by some standards of values. Normally problems are solved within the ordinary resources (habitual, mental, economic, social) of the person or group ....." [2]. Hierdie groep leerlinge is ook aangewys op besondere hulp en is selfs sertifiseerbaar soos aangetoon word in 'n werkstuk van die Transvaalse Onderwysburo wat handel oor ontsporing van kinders met normale en bonormale intelligensie[3].

Ook aan die Kliniekskool Loopspruit vind die toenemende probleem van wanaanpassing, ontsporing en gedragsafwyking sy neerslag in 'n stygende tendens in die gemiddelde inskrywing oor 'n aantal jare soos blyk uit die volgende tabel :

---

1. Van Gelder, L. Ontsporing en correctie, p. 74.
2. Fairchild, H.P. Dictionary of sociology and related sciences, p. 181.
3. Transvaalse Onderwysdepartement. Werkstuk nr. 89, 1963.

TABEL 1

Gemiddelde kwartaallikse en jaarlikse inskrywing aan die Kliniekskool Loopspruit vir die tydperk 1953 tot 1967[1].

| Jaartal | $1^e$ kw. | $2^e$ kw. | $3^e$ kw. | $4^e$ kw. | Gemiddeld |
|---|---|---|---|---|---|
| 1953 | 83.6 | 95.3 | 113.9 | 123.8 | 104.2 |
| 1954 | 106.7 | 124.0 | 157.2 | 162.4 | 137.6 |
| 1955 | 135.4 | 155.7 | 159.1 | 161.7 | 153.0 |
| 1956 | 146.2 | 166.8 | 169.5 | 178.9 | 165.4 |
| 1957 | 126.4 | 150.5 | 172.3 | 198.1 | 161.8 |
| 1958 | 150.7 | 174.5 | 173.1 | 179.5 | 169.5 |
| 1959 | 106.8 | 130.2 | 161.9 | 181.6 | 145.1 |
| 1960 | 138.1 | 144.1 | 161.4 | 177.7 | 155.3 |
| 1961 | 97.1 | 117.7 | 147.1 | 182.9 | 136.2 |
| 1962 | 170.0 | 208.4 | 228.4 | 237.5 | 211.1 |
| 1963 | 139.0 | 171.9 | 203.5 | 225.5 | 185.0 |
| 1964 | 148.7 | 171.7 | 198.0 | 230.3 | 187.2 |
| 1965 | 153.1 | 177.9 | 209.7 | 233.3 | 193.5 |
| 1966 | 175.0 | 214.3 | 240.7 | 248.8 | 219.7 |
| 1967 | 168.9 | 206.5 | 239.6 | 265.6 | 220.2 |

Totale inskrywing vir 15 jaar is 2544.8

Gemiddelde inskrywing oor 15 jaar is 169.5 p.j.

1. Die gegewens vir die tydperk 1953 tot 1967 is verkry uit die kwartaalstate van die Kliniekskool Loopspruit en deur die navorser in tabelvorm opgestel.

---

Daar dien op gelet te word dat die aantal leerlinge in elke jaar geleidelik toeneem. Hierdie verskynsel raak die personeelvoorsiening soos verderaan breedvoeriger aangedui sal word.

'n Terugwaartse blik toon die omvang en aktualiteit van die probleem van ontsporing in die skoolwese en onderstreep die moontlikhede van voorkoming en vroeë psigoterapeutiese hulp veral aan voorskoolse kinders en van rehabilitasie van laer- en hoërskoolleerlinge.

Aangesien die Kliniekskool Loopspruit juis met die rehabilitasie van die gedragsafwykende leerlinge bemoeid is, spring die vraag na die besondere doel en taak van hierdie inrigting na vore.

(c) Afbakening van die terrein en die doel van die ondersoek

Soos die titel aandui gaan hierdie ondersoek om die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit. Hiervolgens word nie beoog om 'n deurtastende studie te maak van die verskynsels ontsporing, wanaanpassing, gedragsafwyking nie, dog wel van waarom hierdie skool noodsaaklik is, wat met die skool beoog word en hoe dit sy doelstellings nastreef.

Ten einde die skool in die juiste perspektief te sien is dit nodig om 'n geheelbeeld van die skool soos dit tans ingerig is en funksioneer te verstrek. Dit is derhalwe nodig om die volgende breedvoerig aan te dui: die doel van die skool, die inhoud, metodes van onderwys en behandeling, tug, eksaminering en desertifisering, personeel, administrasie, skoolgeboue en toerusting, skoolgronde, finansiering, beheer, leerlinge, koshuise, en terapeutiese diens.

Die vraag ontstaan vervolgens of die doel en funksionering van die skool omvangryk genoeg is, of dit in alle opsigte voldoen aan die besondere behoeftes wat spruit uit die oorsake van gedragsafwyking en aan die besondere eise gestel deur die besondere opvoedeling in die besondere opvoedingsituasie. Om 'n antwoord hierop te vind is dit nodig om vas te stel wat die besondere vereistes is wat aan 'n kliniekskool gestel word, en om dan die doel en funksies van die Kliniekskool daaraan te toets.

Met die oog hierop sal die verdere hoofstukke soos volg verdeel word :

Hoofstuk 2. Beskrywing van die Kliniekskool Loopspruit onder die hoofde hierbo genoem.

Hoofstuk 3. 'n Ondersoek na die oorsake van gedragsafwykings waaruit afgelei word wat die behoeftes van hierdie tipe leerlinge is en waaraan 'n kliniekskool moet voldoen.

Hoofstuk 4. Bepaling van norme waaraan 'n kliniekskool moet voldoen.

Hoofstuk 5. Toetsing van die huidige doel en funksionering van die Kliniek-

skool Loopspruit aan die norme om die mate van sukses al dan nie aan te toon.

Hoofstuk 6. Samevatting van die voortreflikhede, leemtes en probleme van die Kliniekskool Loopspruit en, indien nodig, enkele aanbevelings vir die doeltreffender funksionering van hierdie inrigting.

(d) Metode van ondersoek

In hierdie navorsing is ruim gebruik gemaak van literatuurstudie waarmee bedoel word die studie en kompilasie van gegewens uit gepubliseerde bronne, soos omsendbriewe, boeke, brosjures, wetenskaplike tydskrifte en ander dokumente. Die doel hiermee is om kennis en insig te verkry uit die bestaande bronne van inligting en dit wetenskaplik tot 'n eenheidsbeeld saam te voeg. Dit is immers die plig van 'n ondersoeker of navorser om tot 'n sintese van die reeds bestaande en beskikbare kennis van sy studie-onderwerp te kom.

Aangesien literatuur oor die doel van hierdie navorsing oor die Kliniekskool skaars is, is o.m. van besondere metodes gebruik gemaak soos bv. onderhoude met die skoolhoof, sielkundiges en personeellede, en van die verwerking en interpretasie van statistiese gegewens.

By die beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van die Kliniekskool Loopspruit is die historiese en deskriptiewe metodes gebruik en by die bepaling van norme en die toetsing van die Kliniekskool Loopspruit aan die gestelde norme is ook van die teoreties-wetenskaplike metode van gesistematiseerde deurdenking en logiese afleiding gebruik gemaak.

(e) Omskrywing van enkele begrippe en terme

Met die oog op helderheid en ekonomie van aanbieding is dit nodig om vooraf die volgende begrippe en terme wat veelvuldig figureer in die uiteensetting wat volg deeglik te omskryf: die opvoedingsdoel; rehabilitasie en heropvoeding; gedrag, gedragsafwyking en tussenmenslike verhoudinge; persoonlikheid en persoonlikheidstruktuur; persoonlikheidsontwikkeling; ontsporing en aanpassing.

(i) Die opvoedingsdoel volgens Christelike opvatting

Die opvoedingsdoel is gegrond op die geloofsoortuiging wat sy stempel afdruk op die hele lewe van sy belyers en daarom is dit essensieel om vooraf te

konstateer dat die volgende verderaan geld: „.... het ideaal eener Christelijke opvoeding, in huisgezin, in lagere, middelbare en hooge school blijft nu als toen: waarachtige godsvrucht, organisch met degelijke kennis en echte beschaving (Bildung) verbonden. Zoo vormen wij menschen Gods; tot alle goed werk toegerust; tot alle goed werk volmaaktelijk toegerust"[1].

Vanweë 'n onwrikbare oortuiging dat die opvoeding, soos die ganse lewe, Skriftuurlik gefundeer moet wees, moet saam met Coetzee geponeer word: „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid. Die vrees van die Here is die hoogste doel van ons lewe en opvoeding. En dit vind ons alleen by die mens van God wat volkome toegerus is vir elke werk. Die einddoel van die opvoeding omvat dus weer al die nabysynde en verwyderde doelstellinge.

„Die aanpassing van die mens aan sy omgewing, die oefening van sy liggaam, die ontwikkeling van sy gees, die vervulling van sy lewenstaak, die gehoorsaamheid aan die owerheid, die vorming en ontwikkeling van sy verstand, sy deugdelike lewe, sy estetiese vorming en ontwikkeling, sy gevormde en gevestigde lewens- en wêreldbeskouing dien alles per slot van rekening weer net die hoofdoel van sy lewe: die vrees van die Here wat hom openbaar in die waaragtige godsvrug. Die religieuse doel is die laaste, die uiteindelike, die allesomvattende doel van die lewe en opvoeding. Daarin vind die mens sy volkome toerusting vir elke werk op aarde"[2].

In hierdie omskrywing van die doelstelling van die opvoeding is o.m. die volgende opgesluit:

Die doelstelling van die opvoeding is gefundeer in die Christelike lewens- en opvoedingsbeskouing.
Die ordelike struktuur en die skoonheid in die skepping van God word die kind in gesuiwerde, gesistematiseerde en perspektief-verruimde vorm ten aanskoue gegee in die skool, waar die kind die aksiesentrum is om sy karakter en persoonlikheid te vorm en te ontwikkel volgens die groeistadiums in al sy lewensuitinge.

---

1. Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p. 53;
   vgl. Coetzee, J.C. Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, p. 33.
2. Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 288, 289.

Verantwoordelike en verantwoorde vorming en ontwikkeling sluit dus ook in verantwoordelike onderhouding en vorming van die skoonheidstruktuur van die skepping, waarvan die geskape mens en kind deel is en waaraan hy deel het deur sy integrasie en vervlegting met die konstante samelewingsvorme wat neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar staan, elkeen volgens struktuurprinsiep - d.i. die struktuurnorm met eie normekompleks, waarvolgens die mens arbei tot die eer van God.
Die Godgegewe roeping bepaal en rig die opvoedingsdoel van elke mens individueel en sosiaal[1]. In een lyn hiermee word ook die wordende persoonsroeping van die kind gelei op die pad na 'n volwaardige persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef in die huwelik en gesin, die kerk, die staat, die bedryf en die skool, elk met 'n eie konstituerende kultuurmassa[2] om hom/haar voor en toe te berei vir 'n eie plek in die lewe wat met beheersing volgestaan moet word.

Binne die raam van die inhoud en betekenis van die omskrewe doelstelling van die opvoeding het sowel die gewone, normale onderwys as die Kliniekskool 'n uiters belangrike roeping om te vervul. Laasgenoemde inrigting se onderwyspersoneel het nl. die besondere roeping om die gedragsafwykende kinders terug te lei en om hulle weer te laat begin op die pad na volwassenheid van waar hulle afgedwaal het. Hierdie onderwysers moet ook die ouers se skuld vir die toestand van hulle kinders ken omdat laasgenoemde nie hulle doopbelofte in die volle betekenis daarvan nagekom het nie. Verder moet die kinders ook gelei word om hulle eie skuld te besef en te erken, hulleself te sien en te ken soos hulle is, en te besef dat die onderwyspersoneel hulle so aanvaar maar dat hulle vorentoe na 'n nuwe lewe en begin moet kyk sodat hulle nie verval en later as gekommitteerdes in verbetering- of industrieskole beland nie.

(ii) <u>Rehabilitasie en heropvoeding</u>

Die volgende is enkele van die vele omskrywings van die begrip rehabilitasie:

---

1. Stoker, H.G. Die stryd om die ordes, p. 222.

2. Eldridge and Associates. Sociology. A situational analysis, p. 63.

„Die herstelling in die vorige staat"[1]; „The process or technique of re-educating and redirecting the attitudes and motivations of the delinquent or criminal so as to bring his behavior into full harmony with the law and his own willing acceptance of social regulations and legal restrictions"[2]; „Restoring a lost ability or abilities to a satisfactory condition after these abilities have been impaired, ...."[3]; „To restore to a former capacity; to reinstate; to qualify again; to restore, as a delinquent, to a former right, rank, or privilege lost or forfeited"[4].

Analise van die vorige en ook ander omskrywings van die begrip rehabilitasie toon dat implisiet en eksplisiet die volgende daarin opgesluit lê, nl. dat dit 'n proses is wat gerig is op die herstelling, korreksie van wat verkeerd is; op terugkeer tot of herwinning van 'n vorige staat; op die ontwikkeling van gesindhede, gedragswyses en tussenmenslike verhoudinge by die betrokke kind ten einde hom te motiveer om self te kies om vrywillig na die pad wat lei na volwassenheid terug te keer, om die goeie en regte in die lewe na te streef en uit te leef en om tegelyk die verkeerde te vermy en te bestry.

In die raam van die voorgaande tree die „technique of re-educating"[5] na vore. Heropvoeding[6] is die ruimer proses en beoog rehabilitasie[7] o.m. die heraanpassing van kinders (of volwassenes) wat hulle nie na die gewone eise van die opvoeding kon skik nie deur verkeerde opvoeding, en wat deur verwaarlosing (gemis aan opvoeding) gedrags- en karaktersteurnisse vertoon[8]. Heropvoeding kan egter ook 'n volledige menswees beoog by die opvoedeling, wie se persoonlikheid in struktuur en ontwikkeling onvoldoende gevorm of ontplooi is. In die algemeen hou heropvoeding rekening met en is dit meer gerig op die bevryding en die vervolmaking van die in-nood-verkerende jonge persoonlikheid[9].

---

1. Kritzinger, M.S.B. e.a. Verklarende Afrikaanse Woordeboek, p. 504.
2. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 254.
3. Drever, J. A dictionary of psychology, p. 245.
4. Webster's new international dictionary of the English language, p. 2100.
5. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 254.
6. Katholieke Encyclopaedie voor opvoeding en onderwijs, Derde deel, p. 437.
7. Drever. A dictionary of psychology, p. 243.
8. Katholieke Encyclopaedie voor opvoeding en onderwijs, p. 437.
9. Ibid., p. 438.

In 'n besondere sin verkry heropvoeding betekenis, inhoud en aktualiteit as 'n gerigtheid op rehabilitasie in die Kliniekskool. In lg. inrigting is heropvoeding wetenskaplik gefundeer en voordat dit 'n heropvoedingsisteem toepas, word kliniese ondersoekingsmetodes gebruik om die wording of verwording van die betrokke persoonlikheid in sy struktuur genotipies, en die werklike verskyningsvorm fenotipies, te leer ken en deurgrond, en om die biopsigiese en die psigososiale genese daarvan na te speur[1].

(iii) <u>Gedrag, gedragsafwyking en afwykende kinders</u>

In sy breedste betekenis is gedrag enige handeling van 'n indiwidu sonder om te let op motivering[2]. Gedrag word ook omskryf as die reaksie van 'n indiwidu teenoor sy milieu. Wanneer hierdie reaksie sodanig is dat dit ooreenstem met die algemene gangbare reaksie in daardie milieu dan is sodanige gedrag normaal[3]. Die implikasie hiervan is dat „normale" gedrag in 'n bepaalde milieu 'n min of meer eenderse patroon vertoon en dat dit in positiewe en ook negatiewe sin aangeleer, gevorm en ontwikkel word. Hierdie aanleer, vorming en ontwikkeling van gedragspatrone is 'n sosiaalpsigologiese proses en is hoofsaaklik gerig op twee vorme, naamlik die eenvoudige gedragspatroon wat verwerwing deur nabootsing, suggestie, ekspressiewe bewegings met hoof en hande ens. insluit; en die ingewikkelde gedragspatroon wat die progressiewe verwerwing van besondere vaardighede, kundighede, gesindhede, lewensfilosofieë ens. behels. Van die lg. gedragspatroon sê 'n skrywer: „It is a processing of personality by experience and association, affecting habits, attitudes, and values. At this level it produces social types"[4] - dus mense met „normale" gedrag wat konformeer met die gedragspatrone in 'n bepaalde milieu.

---

1. Vgl. Tibout, P.H.C. Over het onderzoek en de behandeling van kinderen met afwijkend gedrag, 1948; Carp, E. en Dollaert, R. Grondslagen ener nieuwere richting in de kinderpsychopathologie. Beide werke genoem in Katholieke encyclopaedie voor opvoeding en onderwijs.
2. Rose, A.M. Sociology. The study of human relations, p. 558.
3. Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Verslag van die Interdepartementele Komitee oor afwykende kinders, p. 161.
4. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 23.

'n Baie belangrike deel van die kultuur het te make met menslike gedrag[1] en daarom is bg. gedragspatrone dan ook niks anders as kultuurpatrone nie[2] wat tot openbaring kom in die kulturele lewensfunksies van die mens in gemeenskaps-, maatskaplike- en maatskapsgroepe van die samelewing[3].

By kultuuroordrag is die faktor van gesag fundamenteel want ook dit is 'n onderwysende en opvoedingswerksaamheid in die samelewing. Op alle terreine en gebiede is volwassenes: ouers, onderwysers, kerklike amptenare, staats- en plaaslike bestuursamptenare, polisie, verkeersbeamptes ens., besig om leiding en rigting te gee, om te beïnvloed ten einde wetsgehoorsame persone te vorm. Hiermee word benadruk dat „the concept of culture in this total sense throws so much light on the problems of education"[4].

Wanneer die reaksie van die indiwidu egter in botsing kom met die aanvaarde manier van reageer, of opvallend daarvan verskil, dan wyk die gedrag af[5] - ook van die kultuurpatrone - en het dit dus 'n negatiewe invloed en uitwerking op menseverhoudinge waarby twee of meer mense in kontak met mekaar is.

„'n Gedragsafwykende kind is derhalwe 'n kind wat weens konstitusionele aanleg; weens verkeerde opvoeding, opvattings en ideale; en die vorming van verkeerde gewoontes, afwykings in sy gedrag van die deur die gemeenskap geaksepteerde norm, toon. Hierdie afwykings belemmer die vordering in sy studies en sy aanpassing by die gemeenskap, en kan, by afwesigheid van gepaste behandeling, moontlik tot wanaanpassing, insluitende misdaad, in die algemene gemeenskap lei"[6].

Hierdie omskrywing sluit twee aspekte van dié gedrag in, naamlik dat die gedrag dikwels en opvallend afwyk van die norm wat die gemeenskap vereis en gevolglik botsings veroorsaak tussen die indiwidu en ander persone in sy omge-

---

1. Gillen, J.L. and Gillen, J.P. Cultural sociology, hoofstuk 8; Benedict, R. Patterns of culture, 1935; Mannheim, K. Diagnosis of our time, p. 12.
2. Linton, R. The cultural background of personality, p. 13.
3. Cuber, J.F. Sociology. A synopsis of principles, p. 56-65.
4. Ottaway, A.K.C. Education and society. An introduction to the sociology of education, p. 161.
5. Verslag van die Interdepartementele Komitee oor afwykende kinders, p. 161.
6. Ibid., p. 162.

wing; en dat die gedrag persoonlikheidshoudings openbaar wat opvallend afwyk van die soort gedrag wat algemeen as goed vir 'n bepaalde ouderdom aangeneem word, byvoorbeeld die modelkind of die uiterste dagdromer.

Hiervolgens word alle wanaangepaste kinders onder gedragsafwykendes ingesluit[1]. Hieronder ressorteer ook probleemkinders, d.i. kinders wat nie behoorlik in 'n maatskappy kan inskakel nie en wat sowel vir hulleself as vir die met wie hulle in kontak kom probleme skep. Hierdie soort gedrag word o.m. gesien as'n teken van innerlike verwarring en onsekerheid[2].

Die gedragsafwykende kind is iemand met normale verstand wat te midde van saamleef, arbeid, speel en geniet met gewone kinders van die pad of spoor afgeraak het. Dit is dus van die allergrootste belang dat hierdie kinders op besondere hulp en behandeling aangewese is omdat hulle moeilik opvoedbare kinders is[3].

Volgens Wet No. 9 van 1948 soos gewysig deur Wet No. 15 van 1951 word 'n afwykende kind beskou as „'n kind wat, na die mening van 'n departementshoof, in staat is om aanmerklike voordeel uit 'n geskikte kursus van onderrig te trek, maar wat in so'n mate in liggaam, verstand of gedrag van die meerderheid kinders afwyk dat hy -

„a. nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale gang van onderwys verskaf word nie; of

„b. buitengewone onderwys nodig het om sy aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik; of

„c. nie 'n gewone klas in 'n gewone skool behoort by te woon nie, omdat sulke bywoning vir homself of vir die ander leerlinge in daardie klas nadelig mag wees"[4].

(iv) Persoonlikheid en persoonlikheidstruktuur

Daar bestaan 'n uitgebreide literatuur oor die begrip persoonlikheid waarop verderaan dieper ingegaan sal word. Voorlopig word egter volstaan by

---

1. Verslag van die Interdepartementele komitee oor afwykende kinders, p. 162.
2. Bonekamp, Alf. Milieu-moeilijkheden, p. 94.
3. Wilmink, A.J. en Van Houte, I.C. Opvallende kinderen, p. 11, 12.
4. Artikels a, b en c.

die volgende samevattende definisie van persoonlikheid: „Persoonlikheid kan beskou word as die totaal van 'n persoon se ‚inwendige' en ‚uitwendige' kenmerke - kennis, vaardighede, ideë, drange, doelstellinge, motiewe, ideale, aspirasies, gesindhede, gewoontes, strewinge, taalgebruik, spraak, kultuur, waardesisteme, emosies, verantwoordelikheidsbesef, karakter, wil, ensovoorts, dit wil sê sy (gewenste en ongewenste) liggaamlike, verstandelike, emosionele, sedelike, motoriese, sosiale, religieuse, ens., kenmerke, eienskappe, of hoedanighede wat as 'n georganiseerde, gekoördineerde of geïntegreerde geheel harmonies funksioneer. Gebrek aan ewewig of disintegrasie, lei dus tot gebrek aan persoonlikheid, en gebrek aan aanpassing by sy God, sy medemens en sy omgewing"[1].

Persoonlikheidstruktuur dui in besonder op die geheelstruktuur waarvan al die aangeduide eienskappe of kenmerke die boustene is. In hierdie verband word gedink aan al die aspekte van die fisiek, intelligensie, die gevoels- en strewingslewe.

Elke persoonlikheid en sy struktuur is eenmalig - elke mens het 'n eie, van alle ander verskillende, geestesaard, verstandsvermoë, denke, aanleg, talente, neigings, emosies, moontlikhede, geleenthede, maar ook gebreke; en elkeen het 'n eie andersgeaarde kompleks van oorsake vir gebreke hetsy deur siekte, vertraging, armoede, ellende, neurose, wanaanpassing, milieu-invloede ensovoorts. Saam met 'n sedelike inslag het elke persoon 'n eie sedelike bewussyn waarby sy gewete[2] inbegrepe is. Dit lei, rig en reguleer sy lewe om volgens 'n eie verantwoordelikheids- en normbesef, op sy eie manier, willend, beslissend, oordelend en strewend te handel en volgens sy eie opvatting, singewing en inhoud van waardes, norme en ideale in sy lewe saam met andere tot selfverwesenliking te kom.

Dit is juis as gevolg van die inwerking van al hierdie faktore en invloede op die wordende persoonlikheid dat daar 'n baie groot groep kinders is wat op die weg van die normale lewe en skool hou, maar ook 'n kleiner ongelukkige groep kinders wat van hierdie pad afgegaan het en wat hulle as gevolg van die sameloop van omstandighede by skole soos die Kliniekskool Loopspruit bevind.

---

1. Venter, E.H. soos aangehaal deur Venter, S.E. Die persoonlikheidstruktuur van die hakkelaar en die rol wat psigoterapie speel in die rehabilitasieprogram, p. 6.
2. Grosheide, F.W. (red.) Korte christelijke encyclopaedie, p. 119, 1163, 1164.

(v) Persoonlikheidsontwikkeling

In aansluiting by die vorige definisie is ook die omskrywing van persoonlikheidsontwikkeling aan die hand van 'n uitgebreide literatuur 'n omvangryke taak. Voorlopig kan volstaan word met sekere hooflyne waarop verderaan vollediger ingegaan sal word. In hierdie verband moet, o.a., ook gelet word op sowel die verskil en betekenis van persoonlikheidsgroei en persoonlikheidsontwikkeling[1] as 'n twee-eenheid van begrippe wat intiem met mekaar vervleg en gekorreleer is[2].

Groei dui op 'n kwantitatiewe toename van grootte, omvang, hoeveelheid van afsonderlike persoonlikheidstrekke en van die persoonlikheid as geheel. Ontwikkeling is, daarenteen, die toename in kwaliteit. Groei en ontwikkeling gaan hand aan hand en lei tot progressiewe rypwording van gedrag[3].

In die wording van die persoonlikheid speel egter ook die omgewing 'n rol. Dit beïnvloed groei en ontwikkeling toevallig of opsetlik. Die opvoeding is die omgewingsinvloed by uitnemendheid wat die volle ontplooiing, groei, ontwikkeling van die persoonlikheid opsetlik, doelbewus en doelgerig in die rigting van 'n voorafgevisualiseerde eindpunt rig en vorm. Al die verskillende trekke of kenmerke van die persoonlikheid moet tot vorming, groei en ontwikkeling gebring word, te wete die persoonlike trekke, die sosiale trekke en die religieuse trekke[4].

Die vrug van goeie opvoeding, onderwys, leer, leiding en van normale groei en gesonde ontwikkeling is die integrasie van al die gewenste trekke tot eenheid, en loop vir die kind uit in die ideaal van die Christelike persoonlikheid: die eenheid van profetiese wysheid, priesterlike toewyding en koninklike heerskappy as die volkome toerusting vir sy lewensroeping[5].

In die lig van die vorige is die proses van integrasie van persoonlikhede in 'n variasie van graadsverskille by 'n groot groep kinders so geslaagd dat hulle gewone normale skole besoek, terwyl daar ook 'n kleiner groep ongelukkige

---

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, hoofstukke 1-9.
2. Ibid., p. 121.
3. Ibid., p. 97.
4. Ibid., p. 230-7.
5. Ibid., p. 236-239.

kinders is wat onewewigtige persoonlikheidstrekke vertoon omdat die proses van integrasie van hulle persoonlikhede a.g.v. negatiewe invloede dermate onsuksesvol was dat hulle by sulke skole soos die Kliniekskool Loopspruit ingeskryf moet word.

(vi) Ontsporing

Die omskrywing van die begrip ontsporing word voorlopig beperk tot sekere sake aangesien dit lateraan breedvoeriger bespreek word.

Ontsporing kom voor by kinders gedurende hulle skoolloopbaan in die vorm van talle moeilikhede en verskynsels wat van so'n aard is dat ouers en onderwysers graag 'n besondere soort hulp by hulle opvoedingsarbeid sou wil inroep. Hierdie moeilikhede verskil in graad en aantal tussen indiwiduele kinders en sentreer in die algemeen om gedragsmoeilikhede, aanpassingsprobleme, gevolge van opvoedingsfoute en leermoeilikhede[1]. Meer in die besonder kom hulle voor op intellektuele en emosionele vlak en veroorsaak steurnisse en remminge in die ontwikkeling van kinders[2].

Emosionele probleme ontstaan dikwels by kinders as gevolg van allerlei spanninge wat lei tot angs, vrees en neuroses wat òf die gevolg òf die oorsaak kan wees van belemmeringe. Saam hiermee kan gedragsmoeilikhede voorkom t.o.v. sindelikheid en geslags- en agressieprobleme wat belemmeringe en steurnisse in die leerproses veroorsaak.

Die gevolg van emosionele probleme is dikwels skolastiese vertraging veral t.o.v. lees en rekene wat die ontwikkeling van kinders in die leerproses verder vertraag en só 'n bose kringloop vorm, aangesien die vertraging die emosionele probleme weer vergroot. Hierdie kinders is veral die skolastiese vertraagdes en onderpresteerders wat nie kan voldoen aan die eise wat die skool aan gemiddelde kinders stel nie. Hierdie groep kinders vertoon „failure patterns"[3] op intellektuele vlak wat nie losgedink kan word van hulle emosionele probleme en milieudefekte nie, en hulle is nie in staat om, binne die normale klasgroep, positief te reageer op remediële en korrektiewe leiding, hulp en maatreëls nie[4].

---

1. Van Gelder, L. Ontsporing en correctie, p. 33.
2. Ibid., summary, p. 269-270.
3. Bühler, C. Childhood problems and the teacher, p. 83.
4. Morrison, H.C. The practice of teaching in the secondary school, p. 88; Van Krevelen, D.A. Nederlands leerboek der speciële kinderpsychiatrie, Deel 1, Stoornissen van het verstandelijk rendement, p. 240.

Die leerlinge van die Kliniekskool Loopspruit vertoon almal 'n variasie van die simptome van ontsporing wat hoofsaaklik op emosionele, intellektuele, sosiale en liggaamlike vlakke van die onderwys en opvoeding lê. Hierdie leerlinge „are so far from responding to the routine instruction to what the (normal) class group as a whole responds to, that (they) require special study and treatment"[1)] dat hulle daarom gesertifiseer en na die Kliniekskool Loopspruit verwys word.

(vii) Aanpassing

Industriële, ekonomiese en tegnologiese vooruitgang en ontwikkeling het verstedeliking en massifikasie, wat orals gepaard gegaan het met veranderings en selfs ontwrigting, gebring in die maatskaplike toestande waaronder mense moet leef en arbei. Om hierdie rede word die meer mobiele stadslewe geassosieer met persoonlikheids- en maatskaplike probleme wat veelvuldig om die begrip aanpassing sentreer. Die mens is immers voortdurend betrek in 'n „process of becoming more effectively adjusted to the conditions involved in work or learning"[2)].

Die volledigste aanpassing denkbaar kan gestel word as die voortdurende opvoeding en beïnvloeding wat die integrasie van die persoon, die samelewing en die kultuur as 'n drie-eenheid bewerkstellig waarin die persoon, die mens die aktiewe element is sodat die samelewing en kultuur in relatiewe sin die produkte van sy vormende en skeppende vermoë is[3)] dog dit moet binne die Wet van God geskied. Die integrasie van die mens in die samelewing en kultuur is dus nie 'n blote nivellering, 'n word soos die andere nie, of 'n skikking na omstandighede nie omdat die mens 'n groot deel van sy indiwidualiteit en persoonlikheid behou[4)]. Aanpassing sluit ook in beïnvloeding en selfs omvorming van die omgewing ten einde 'n eie plek daarin te vind.

In 'n aanpassingshandeling kan 'n bepaalde motief of drang die prikkel tot optrede wees. Indien omstandighede ontstaan wat so'n handeling dwarsboom en dus die onmiddellike bevrediging van die motief of drang verhinder sal eerstens, die reaksies van persoon tot persoon verskil en tweedens, sal 'n teenvoeter gevind word om die geblokkeerde motief of drang te bevredig al bied

1. Morrison. The practice of teaching in the secondary school, p. 88.
2. Drever. A dictionary of psychology, p. 10.
3. Van Dijk, R. Mens en medemens. Een inleiding tot de sociologie, p. 38.
4. Ibid., p. 36.

dit slegs 'n gedeeltelike of tydelike oplossing[1].

Volgens Tindall[2] word goeie aanpassing gekenmerk deur die volgende :

1) Die behoud van die goed geïntegreerde persoonlikheid.
2) Skikking na die maatskaplike eise.
3) Aanpassing by konkrete werklikheidsituasies.
4) Konsekwentheid van gedrag.
5) Bereiking van geestelike, psigiese en fisiese rypheid met die jare.
6) Handhawing van 'n optimale, goeie emosionele stemming.
7) Toename in bruikbaarheid en die lewering van 'n optimale bydrae tot die samelewing.

Die manier van aanpassing verskil ook van mens tot mens en daar is geen voorgeskrewe resep waarvolgens dit kan plaasvind nie, ook nie t.o.v. die ontspoorde kind nie. Lateraan sal egter aangetoon word watter rol die huisgesin speel om vertraging van aanpassing in die hand te werk; en dat die kind sy dwarsboming, konflik, frustrasie en geestelike onrus oplos met 'n teenvoeter of teenreaksie wat soms tot uiting kom in antisosiale optrede soos bv. lieg, bakleiery, dagdromery, daggarook, die gebruik van verdowingspille ensovoorts. Ook die rol wat die onderwyser in die skool kan speel om die aanpassing van die leerling te vertraag sal lateraan die aandag in hierdie verhandeling kry.

Enige verdere begrippe of terme wat gebruik word sal ter plaatse omskryf word.

---

1. Brooks, F.D. Child psychology, p. 452; Krige, H.L. Ondersoek na die aanpassing van seuns in die hoërskool, p. 2.
2. Tindall, R.H. Relationships among measures of adjustment in readings in the psychology of adjustment, p. 48.